



# MINISTER SE BOODSKAP

# UITSKAKELING VAN ARMOEDE EN DIE AANSPREEK VAN ONGELYKHEID

## **MEDE SUID-AFRIKANERS**

**S**uid-Afrika het 'n program van ekonomiese verandering wat geleidelik werkloosheid, armoede en ongelykheid kan verminder. Maar om te slaag sal hierdie program 'n buitengewone nasionale poging van ons almal verg, verbind om nie net oor ons uitdagings te predik nie, nie net deur oplossings voor te stel nie maar ook om ons kollektiewe moue op te rol en saam te werk om 'n voorspoedige Suid-Afrika te bou.

Om uit President Jacob Zuma se Stand van die Nasie-toespraak aan te haal, die Nasionale Ontwikkelingsplan "is 'n padkaart na 'n Suid-Afrika waar almal water, elektriesiteit, sanitasie, werkgeleenthede, behuising, openbare vervoer, voldoende voeding, onderwys, maatskaplike beskerming, kwaliteit gesondheidsorg, ontspanning en 'n skoon omgewing het."

Om saam te vat, die NOP sit ses ondelingverbinde prioriteite uiteen:

- Om alle Suid-Afrikaners rondom een gemeenskaplike program te verenig om voorspoed en billikheid te bewerkstellig
  - Die bevordering van aktiewe burgerskap en om ontwikkeling, demokrasie en aanspreeklikheid te versterk
  - Om vinnerige ekonomiese groei, groter beleggings en indiensneming teweeg te bring
  - Fokus op die sleutelvermoëns van mense en die staat
  - Die bou van 'n bekwame en 'n ontwikkelingsgerigte staat
  - Aanmoediging van sterk leierskap regdeur die gemeenskap om saam te werk om probleme op te los

Tasbare vordering met hierdie en ander aksies wat in die NOP geïdenfiseer is, sal 'n bereidheid verg om dinge anders te doen. Ons moet ons uitdagings sonder huiwering konfronteer, en met hoop. Deur al ons talente te gebruik, alle mense te mobiliseer en te fokus op verenigde aksies, kan ons 'n lewenskragtige ekonomiese en 'n aanvaarbare kwaliteit lewe vir almal verseker. Ons kan armoede verminder en behoorlike werkgeleenthede skep.

Pravin Gadhia



**O**ngeveer 60 persent van die regering se uitgawes word toegeken aan gesondheid, onderwys, behuising, vervoer en plaaslike geriewe. Dit is 'n werklike bewys van die regering se verbintenis om armoede en ongelykheid te verminder.

Die mees direkte wyse waarop die stryd teen armoede aangespreek word, is die maatskaplike bystandsprogram waaraan R113 miljard vir 2013/14 toegeken is en wat na R129.5 miljard in 2015/16 verhoog. Die aantal begunstigdes wat toelaes ontvang sal vanaf byna 16.1 miljoen mense in 2012/13 na 17.2 miljoen in 2015/16 toeneem.

Om ongelykheid en armoede te verminder, vermeeder die regering die aantal skole waar leerlinge nie skoolfooie betaal nie en belê meer in die voorsiening van maaltye aan leerders. Sowat 70 persent van leerders in 20 688 skole het nie skoolfooie laasjaar betaal nie en ongeveer 8.8 miljoen kinders is elke skooldag van 'n maaltdy voorsien. Die fokus oor die volgende drie jaar sal wees om die kwaliteit van maaltye wat voorsien word te verbeter.

Die regering voorsien ook mimum gratis basiese dienste. Dit word deur munisipaliteite voorsien en sal R28 miljard in 2013/14 kos. Die 2011 Sensus dui aan dat meer as 36 persent van huishoudings toegang tot gratis skoon water het, 26 persent het toegang tot gratis basiese elektrisiteit en 23 persent tot gratis sanitasie. Daarbenewens beplan die regering om 'n verdere 409 143 huise oor

Om ongelykheid  
en armoede  
te verminder,  
vermeeder die  
regering die aantal  
skole waar leerlinge  
nie skoolfooie betaal  
nie en belê meer in  
die voorsiening van  
maaltye aan leerders

die volgende drie jaar vir huishoudings met 'n maandelikse inkomste minder as R3 500 te bou. 'n Addisionele 244 699 standplase sal aan dienste gekoppel word.

Oor die volgende drie jaar het die regering begroot om sanitasiedienste aan 36 742 landelike huishoudings te voorsien asook 119 223 huislenings deur die mikro-finansieringsprogram.

Werksgeskepping speel 'n belangrike rol in die vermindering van armoede en ongelykheid. Die regering skep werkgeleenthede deur programme soos die Uitgebreide Openbare werkeprogram, Werk-fonds (Jobs Fund) en die ontwikkeling van vaardighede.

# EKONOMIESE KITSBLIK

- Die Suid-Afrikaanse ekonomiese groei steeds, maar teen 'n stadiger tempo as wat voorheen verwag is. Dit word beraam om teen 2.7 persent in 2013, 3.5 persent in 2014 en 3.8 persent in 2015 te groei.
  - Die pas waarteen die ekonomie herstel hang af van die tempo waarteen persoonlike beleggings en uitvoere verstewig.
  - Mynbou bly 'n hoeksteen van die Suid-Afrikaanse ekonomie:
    - Dit lewer 'n groot bydrae tot korporatiewe belasting en uitvoerinkomste;
    - Is 'n belangrike bron van direkte en indirekte ekonomiese aktiwiteit en werksgeleenthede;
  - Die vervaardigingsektor is belangrik vir groei en ontwikkeling, maar ander sektore word toenemend belangrik.
  - Werkskepping, wat na verwagting matig oor die volgende drie jaar sal wees, sal grootliks afhang van die privaatsektor wat verantwoordelik is vir 77 pesent van formele indiensneming.
  - Byna 4.5 miljoen Suid-Afrikaners is werkloos.
  - Stakings en hoër loonverhogings hou ernstige risiko vir die herstel van die broos arbeidsmark in.
  - Werkloosheid is die hoogste onder die jeug.
  - Die regering ondersoek verskeie maatreëls om werskepping vir die jeug deur die openbare en privaatsektore aan te moedig.

# KWALITEIT GESONDHEIDSORG VIR ALMAL

**P**rimêre gesondheidsorg is gratis beskikbaar en hospitaaldienste word teen relatiewe lae koste voorsien volgens inkomste.

**Kinders onder die ouderdom van ses, verwagtende vroue en diegene wat maatskaplike toelaes ontvang, kry gratis hospitaaldienste.**

Die 2013 Begroting sal voorkomings- en behandelingsprogramme vir MIV/Vigs en TB versterk, mediese navorsing bevorder en die bestuur en voorsiening van infrastruktuur verbeter.

- Oor die volgende drie jaar is R429.2 miljard toegeken vir gesondheidspandering.
  - 'n Addisionele R800 miljoen is voorsien vir die uitbreiding van antiretrovirale behandeling om 'n addisionele 500 000 mense per jaar te dek.
  - 'n Verdere R78 miljoen is toeken aan die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes om waarnemingsprogramme vir rotavirus, pneumococcus, MIV, TB en ander oordraagbare siektes te verbeter.
  - Die Mediese Navorsingsraad sal R440 miljoen oor die

Die 2013 Begroting sal voorkomings- en behandelingsprogramme vir MIV/Vigs en TB versterk, mediese navorsing bevorder en die bestuur en voorsiening van infrastruktuur verbeter.

volgende drie jaar ontvang om navorsingsprogramme en infrastruktuur te verbeter en gesamentlike projekte met ontwikkelingsvennote te verbeter. Oor die volgende drie jaar sal provinsies 'n groot gedeelte van hulle gekombineerde R29.5 miljard begroting gebruik om infrastruktuur te befonds by distriks- en plaaslike hospitale, insluitende Edendale Hospitaal en die Nataalspruit Hospitaal in Ekurhuleni.

Die Departement van Gesondheid sal R5 miljard spandeer aan primêre gesondheidsorg waarvan R3.2 miljard ten opsigte van klinieke is.



# ELSIE LEEF POSITIEF MET MIV/VIGS

**ELSIE BOGATSWE** beskou haarself as baie gelukkig om te leef. Sy is in 1988 met MIV besmet en het verwerping van die gemeenskap ervaar wat nie die siekte verstaan het nie. Haar gesondheid het in 1994 agteruitgegaan en teen die tyd wat sy vir mediese hulp gegaan het, was die moeder van drie naby die dood. "My voete het gebewe. Ek was baie maer. My gesig

was wit. My mond was swart. Ek was bang en skaam. Ek het gedink: Ek gaan sterf. Wat gaan van my kinders word?" Elsie het drie maande in die hospitaal deurgebring en teen die tyd wat sy ontslaan is was sy sterk. "Ek het goed gevoel. Ek het goed gelyk," het sy gesê. "Ek is 'n kans gegun en ek het gedink dat ek nou alles reg moet doen." Ek het aan my familie gesê : 'Ek is nie dieselfde

as wat ek vantevore was nie – ek leef met MIV/Vigs.” In 2005 het Elsie se CD4 begin terugval en het sy met ARM behandeling begin. As ’n buitepasiënt by die Charlotte Maxeke Akademiese Hospitaal besoek sy die MIV/Vigs kliniek elke ses maande om haar gratis ARMs te gaan haal en om ’n dokter te spreek. “Ek weet nie of die belastingbetaalers agterkom dat hulle mense

soos ek help nie," sê sy.  
"Hulle help my en vele  
ander mense. Ons sê  
baie dankie dat  
julle ons help –  
en dat ons nie  
oorgelaat is  
om dood te  
gaan nie."




# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN

<b>BELASTINGINKOMSTE</b>	<b>2013/14</b>	<b>%</b>
Persoonlike inkomstebelasting	306 188	34
Aksynsregte	31 265	3
Korporatiewe inkomstebelasting	169 830	19
Doeanebelasting	41 340	5
BTW	242 990	27
Brandstofheffings	44 970	5
Ander	61 421	7
<b>TOTAL</b>	<b>898 004</b>	<b>100</b>

Die regering vorder hoofsaaklik geld in van persoolike, korporatiewe en belasting op toegevoegde waarde en deur die uitrek van staatskuldinstrumente. Al die geld wat deur die nasionale regering ontvang word, word in die Nasionale Inkomstefonds betaal. Besteding van R1.1 triljoen sal in 2013/14 deur totale belastinginkomste van R985.7 miljard en lenings van R163.7 miljard befonds word. Teen 2015/16 sal totale staatskuld tot R1.9 triljoen toeneem voordat dit stabiliseer, en daarna verminder. Die regering besef die risiko verbonde aan die aangaan van skuld. Gevolglik is besteding ten bedrae van R52.1 milard na voorkeurprogramme soos onderwys, gesondheid, infrastruktuur en werkskepping geherprioritiseer.


# HOE SAL DIT BESTEE WORD



# 2013 BEGROTING UITEENSTTING

## BELASTING VOORSTELLE

- Individue wie se belasbare inkomste van 'n enkele werkgever is en nie R250 000 vir die 2011/12 belastingsjaar oorskry nie, hoef nie belastingsopgawes in te dien nie;
- Belasting- en nakomingsverligting vir klein besighede;
- Byvoordeel belastingverligting vir laer inkomstegroepe ten opsigte van werkgever behuising;
- Maandelike belastingkrediete vir mediese skema bydraes sal verhoog;
- Die belasting hantering van bydraes tot pensioen-, aftree-annuitéet en voorsorgfondse word geharmoniseer;
- Belastingaansporings vir besighede wat na spesiale ekonomiese sones verskuif;
- Verseker dat die voorgestelde koolstofbelasting, elektrisiteitsheffing en energie-doeltreffendheid aansporingbelasting in ooreenstemming met mekaar is;
- 'n belastingtoegewig vir die indiensneming van persone wat die eerste keer lae inkomste werk soek.




## MAATSKAPLIKE TOELAES

	2012/13	2013/14
Staatsouderdomspensioen	1 200	1 260
Staatsouderdomspensioen, ouer as 75	1 220	1 280
Toelae vir oudstryders	1 220	1 280
Ongeskiktheidstoelae	1 200	1 260
Pleegsorg toelae	770	800
Sorgafhanklikheidstoelae	1 200	1 260
Kinderonderhoudstoelae	280	290

## AKSYNSBELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Die getekende totale belastingglas (aksysregte plus BTW) uitgedruk as 'n persentasie van die geweegde gemiddelde kleinhandelprys vir wyn, bier en alkohol is onderskeidelik 23,35 en 48 persent. Die getekende belastingglas op tabakprodukte is 52 persent van die kleinhandelprys. Om hierdie vlakke van belasting te handhaaf sal die volgende verhogings nou van toepassing wees:

	Moutbier	- verhoog met 7,5 sent tot R1.08 per 340ml blikkie
	Gefortifiseerde wyn	- verhoog met 19,5 sent per 750ml bottel
	Ongefortifiseerde wyn	- verhoog met 15 sent per 750ml bottel
	Vonkelwyn	- verhoog met 56 sent per 750ml bottel
	Appelwyn en alkoholiese vrugte dranke	- verhoog met 7,3 sent per 330ml bottel
	Sterk drank	- verhoog met R3,60 tot R39,60 per 750ml bottel
	Sigarette	- verhoog met 60 sent tot R10,92 per pakkie van 20
	Pyp tabak	- verhoog met 32 sent tot R3,54 per 25g



## BELASTINGVERLIGTING VIR INDIVIDUE

Belastingverligting van R7 miljard word voorgestel vir individuelebelastingbetalers. Persoonlike inkomste belastingkerwe en -kortings is grootliks aangepas om die effek van inflasie op betaalbare belasting te verminder.

### Belastingjaar

1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014

Onder die ouderdom van 65	R67 111
Ouderdom 65 - 74	R104 611
Ouderdom 75 en ouer	R117 111

Die jaarlikse belastingkortings vir individue het ook as volg verhoog:

Belastingjaar →	1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2013	1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014
Primère (vir alle individue)	R11 440	R12 080
Sekondière (ouderdom 65 - 74)	R6 390	R6 750
Tertière (ouderdom 75 en ouer)	R2 130	R2 250

## Belastingkrediete vir mediese skema bydraes

Maandelikse belastingkrediete vir mediese skema bydraes (vermindering van betaalbare belasting) sal verhoog word van R230 tot R242 vir die eerste twee begunstigdes op 'n mediese skema, en van R154 tot R162 vir elke bykomende begunstigde op die mediese skema vir die 2013/14 jaar van aanslag.

## OMGEWINGSBELASTING GAAN OP

	Brandstofheffing	Vanaf 3 April 2013 sal die algemene brandstofheffing met 15 sent per liter styg na R2,13 terwyl die Padongelukke Fondsheffing sal toeneem met 8 sent per liter na 96 sent per liter brandstof.
	Plastiese sakheffing	Die heffing op plastiese inkopiesakke het verbruikers aangemoedig om gebruik te verminder. Die heffing sal toeneem van 4 sent na 6 sent per sak vanaf 1 April 2013.
	Gloeilampheffing	Om energiedoeltreffendheid te bevorder is 'n gloeilampheffing in 2009 ingestel. Die heffing sal verhoog vanaf R3 na R4 per gloeilamp vanaf 1 April 2013.
	Motorvoertuig koolstofdioksied emissiesbelasting	Die belasting op motorvoertuig koolstofdioksied emissies, wat bedoel is om verbruikers aan te moedig om motors met laer koolstofdioksied emissies te koop, sal vanaf 1 April 2013 verhoog. Vir passasiernsmotors sal die belasting toeneem van R75 tot R90 vir elke gram van emissies per kilometer bo 120 gCO <sub>2</sub> /km. In die geval van dubbel kajuite sal dit toeneem van R100 na R125 vir elke gram emissies per kilometer bokant 175 gCO <sub>2</sub> /km.

## BTW OP INGEVOERDE ELEKTRONIKA EN DIENSTE VOORGESTEL

	BTW op ingevoerde elektroniese dienste	Die regering stel voor dat buitelandse besighede wat e-boeke, musiek en ander elektroniese dienste aan Suid-Afrikaners voorsien verplig word om as BTW-verkopers te registreer vanaf 'n datum wat aangekondig sal word. Dit sal die mededingende voordeel wat hierdie buitelandse besighede teenoor hulle plaaslike mededingers het verminder.
--	--	--

## HET JY HIERDIE PUBLIKASIE NUTTIG GEVIND?

SMS Ja of Nee na  
**44112**

'n Standaard tarief van 50c per sms sal geld.